Skriflesing: Genesis 14; Lukas 16:1-15
Heidelbergse Kategismus: **Sondag 42**
Teks: Genesis 14:19-20
Sing- SAMESANG: Ps.15:1
TYDENS EREDIENS: Ps 99:1,2; Ps 19:7; Ps 128:1

Broeder en suster waaroor gaan dit werklik in die agtste gebod? Dit gaan oor die erkenning dat alles aan die Here behoort. Diefstal begin by die miskenning van die feit dat alles aan die Here behoort. As ek nie glo dat God werklik my sal versorg nie, dan is ek reeds besig om hierdie gebod te oortree. Wanneer ek dan ook nie my hande van 'n ander een se goed kan afhou nie, is wanneer ek die Here ook nie meer as Eienaar van alles erken nie. Die Here sal deurgaans vir ons wys dat buiten die feit dat ek nie mag steel nie, is dit ook duidelik die Here sorg so vir ons dat ek ook nie nodig sal hê om te steel nie…ek hoef nie te steel nie.

***

Soos met al die ander gebooie moet ons hier dan ook besef God is die begin en einde van alles. Die sesde, die sewende en die agste gebod erken ook God in alles as die alfa en die omega. God wil deur die sesde gebod duidelik maak Hy beskerm ons lewens. Die sewende gebod neem die Here die huwelik in sy hand. Hy wat oor ons huwelike waak is dieselfde God wat oor ons geld en al ons goed sy hand hou. Daar sit soos aan die huwelik ook by hierdie gebod 'n dieper kant. Met hierdie gebod wil die Here ook ons harte aanraak. Dit gaan nie maar oor 'n materiële uitspraak wat as een of ander strafbepaling net sowel in die strafreg opgeskryf kon staan nie.

So verbied die gebod nie maar net diefstal en roof, en korrupsie en die mors van geld wat in ons tyd ongeëwenaard plaasvind soos nog nooit in die land se geskiedenis die geval was nie. Dit gaan in die gebod oor die totale omgang met geld en eiendom. As daar weer na die huwelik gekyk kan word dat het man en vrou elk 'n besondere plek en opdrag ontvang. Die vrou wat haar man moet gehoorsaam, die man wat sy vrou moet kan bemin, saam moet hulle hierdie besondere verbond tussen hulle wat hulle moet erken en dien.

As huwelike nie gerespekteer word nie dan gee die Here die mens oor aan wellus en allerhande vuilheid wat die losbandige mens betaam. Die vigs-pandemie is en bly nog altyd die duidelikste bewys hoe die Here 'n mens wat nie wil hou by wat God se verbond

ook in terme van die huwelik beteken nie, sal deur die wette van die verbond gestraf word.

***

Die huwelik is ’n besondere voorbeeld van hoe mense in gemeenskap met mekaar moet lewe, maar die agtste gebod werk ook met God se verbond. Dit gaan in die agste gebod ook om ons lewens in gemeenskap met mekaar waar dit meer raak as net die huwelik maar die sosiale lewe, die maatskaplike lewe, die materiële lewe, staan bankvas by die agtste gebod ingelyf. Mense moet hierdie besondere band met geld en goed ook tussen mekaar kan respekteer soos wat die huwelik gerespekteer moet word.

Dit is heel moontlik dat ek nooit bedoel het om iemand anders se goed te steel, en wat my beslis nie sal deel maak van mense wat in die tronk sal beland oor diefstal, misdaad en roof nie. Die agtste gebod gaan baie beslis om baie meer as net die tipes diefstal wat deur die owerheid gestraf word. Ons belydenis praat ook oor dinge wat die owerheid nie sal kan straf nie, maar tog is ek besig met dinge in my kop deur gierig net meer en meer geld en eiendom bymekaar te maak. Ek kan die agste gebod oortree deur geld te mors, en allerhande gawes en geleenthede te verkwis.

As ek iets nie gebruik vir die doel waarmee God dit vir my gegee het nie, ek is nie ’n rentmeester vir God nie, m.a.w. ek wil nie in God ryk wees ook wat my geld en gawes aanbetref nie, dan is dit oortreding. Soos mans en vroue in owerspel met mekaar besig kan wees, so kan ek met geld my ook oorspeel. Al dink ek hierdie dobbelary en lotto is darem glad nie so erg as om te hoereer nie. Hierdie deel van die Here se Wet wys jy kan jou oorspeel met geld. Ons word eintlik soos in al die gebooie gewaarsku ter beskerming van onsself.

***

Die geestelike lewe maar ook die materiële lewe kan nie van mekaar geskei word nie. Moet dit nie probeer nie, want die oomblik as ek dink ek kan God in my sosiale lewe en my lewe van dag tot dag waar ek moet werk om geld te verdien uitsny dan is ek eintlik besig om die wonderlik evangeliese beloftes wat ook uit die agtste gebod aan my beloof

word af te sny. Ek moet ook só hierin leef dat God nie op hierdie terrein Homself as ’n Vyand teen my openbaar nie.

***

Daar is niks in vandag se lewe wat van Genesis 1 en 2 losgemaak kan word nie, daarom moet ons hier ook die paradys in sy totaliteit raaksien. Die Here wat ’n pragtige tuin gee waar mense kon woon en die lewe geniet. Hulle moes die tuin ook bewerk en bewaar. Baie duidelik staan ’n hele paar sake klaar vir ons uitgeskryf. Die mens het ’n verbond met God maar ook ’n verbond met die lewe wat van God afkom. My verbond met die sosiale lewe is dat ek alles mag geniet wat van my Vader afkom. So mag Adam en Eva as rentmeesters vrylik kon eet uit die oorvloed wat God skenk. Daar bestaan geen twyfel dat in die paradys het daar geen tekort aan niks sou wees nie. Baie water, baie bome, baie vrug, heel duidelik geen net luilekkerland nie, werk is ’n skeppings ordening, maar dink nou mooi hieroor. Ons lees van die mooiste tuin, die mooiste riviere, vier rivier wat die land deurkruis, maar nie net van kristalhelder skoon water nie, maar selfs was die ekonomie ook reeds goed. Ons lees in Genesis 2 van goud wat reeds toe al vir Adam goed was want God het dit ook goed gemaak. Daar staan mos die goud van land was goed (Gen.2:12).

Nou kom ons nog nader na die feite- Het Adam moes werk om brood te kry of het hy gewerk omdat hy brood gekry het. Gestel Adam moes werk om te kon eet, dan was dit tog geen paradys meer nie. Die brood staan egter baie duidelik voor die werk. Eers brood, dan werk. Onthou dat ons dit nooit moet vergeet nie, ook as toepassing by die bepaling van wat is die werklike grondbeginsel, of mag ons dit sterker stel, wat is die grondwet van die agtste gebod, toe dit in paradys ingestel was. Hy kan eet voor hy werk, hy kan juis uit sy ete ook sy werk ingaan, want hy word eintlik tot werk geprikkel. Is dit nie wonderlik nie?!

***

Dan is daar soveel dinge wat eintlik by Adam anders na gekyk kan word. Nou wat hy nie hoef te werk om te eet nie, nou werk hy op so ’n wonderliker manier. Hy werk nie vir eiebelang nie, maar hy werk omdat hy God liefhet. Die God wat reeds alles vir hom gegee het. Hy hoef vir niks te werk wat hy reeds ontvang het nie, maar hy wil uit sy

oorvloed en die diepte van sy hart baie graag werk omdat hy besef in sy werk is daar net nog ’n wonderliker heerliker wêreld wat aan God behoort wat juis deur te werk hier voor hom ontgin mag word. Hy mag die wêreld inwerk, omdat God reeds alles so pragtig uitgewerk het.

***

God het Adam in ’n amp aangestel, profeet, priester, koning, dit was hy ook alreeds, maar ook rentmeester. Die Here wat hom as bedryfsbestuurder aanstel. Hy mag dit wat aan die Here behoort bestuur. Sy koningskap word deur sy rentmeesterskap meesterlik verdiep! ’n Rentmeester wat uit die oorvloed God kon dien. So baie wat God gee, so min wat God eis. Uit al die bome was daar die enkele uitsondering waarvan nie geëet mag word nie, want ten diepste jy moet nie van my steel nie! Om daardie vrug te eet was ongehoorsaamheid, maar dit is so goed dit word uit God se hand gesteel. Die mens wil nie net lewe uit die oorvloed wat God reeds gegee het nie, want die mens het werklik tussen al daardie bome op geen manier nodig gehad dat hierdie enkele boom nou ook syne moet wees nie. So kan ons sê- Die sonde teen die agtste gebod begin al in die paradys!

Die mens is met sy deel wat so ryk is, nie tevrede nie. Hy beskou dit as onreg dit wat God vir hom as ’n guns gegee het. Hulle maak asof hulle ’n reg daarop het , wat ek ontvang is om te dink ek het ’n reg daarop. Ja broeder en suster, wanneer jy vir jou ’n lewe wil begin opstel buite die verbond dan begin jy ook besittings as iets buite die verbond te beskou en dan dink jy eintlik ook ek kan maar buite die verbond werk. Dan is jou werk een ding en jou amp iets anders. Wie werk en amp skei het klaar die beginsel van die agtste gebod begin breek, ja jy breek die verbond. As jy die verbond breek dan is jyself die oorsaak dat die dood in die pot gekom het, ook die dood in ons sosiaal-ekonomiese lewe. Daar het ’n geweldige doodsheid en doods reuk ons land ingekom, ook stink ons sosiaal-ekonomiese lewe eintlik op alle terreine.

En dit omdat die mens dink hy het ’n reg op alles. Ons dink nie meer daaraan om in alles net rentmeester te wees nie. Dit het gemaak dat die sondeval ons gebring het by wat die wêreld ons nou ook met sy distels en dorings terugkap. In die sesde gebod het mense

begin mekaar dood te maak, maar jy kry ook selfs nie meer werklik die wêreld bestuur nie. Ons staan verslae hoe die natuur teen ons kan wees en nie meer in alles vir ons nie. Moet nie God in die gebeure miskyk nie, broeder en suster!

Hierdie harde kant van die agtste gebod slaan baie hard, maar die gebooie is nie daar eerstens om ons te slaan nie, want het ons ook baie voorbeelde wat die seën van die Here op geen manier ook van hierdie gebod kan losmaak nie. In die paradys begin God direk na die sondeval ook reeds weer te seën. Die herstel begin eintlik dadelik. God wat Adam en Eva met klere van vel beklee, en dit is nie maar algemene genade, asof dit nou maar vanselfsprekend is dat daar oor goeies en slegtes reën val nie. Dit bly besondere genade, dat die mens nog steeds op materiële gebied ryklik geseënd mag wees.

Dit wat op geen wyse sonder Christus kon gebeur nie. Selfs die seëninge in die Ou Testament na alles wat die sondeval teweeggebring het , is in Christus ons gegewe. As Israel 'n beloofde land kon intrek, dan word die land op materiële gebied ook ryk voorgestel. 'n Land wat oorloop van melk en heuning. Die Here sal dit vir hulle skenk. Heuning wat uit baie blomme kom, melk uit goeie weiding. In 1 Kon 4:25 lees ons hoe ryk die volk in die konings tyd van Salomo was- Elkeen het onder sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom kon sit.

Op ekonomiese gebied was daar wette wat God die ekonomie laat dien het. Die jubeljaar elke vyftigste jaar waar grond aan hulle oorspronklike besitter teruggegee moes word. Die gevaar van dat die rykes net al hoe ryker sou word en die armes eintlik net armer is deur God se ekonomiese beginsels eintlik so bygelê. Al het jy grond verloor deur erfbesit sou die familie dit weer kon terugkry. Buiten die jubeljaar was daar ook die sabbatsjaar- elke sewende jaar. Alle skulde word afgeskryf, slawe word vrygestel, die gronde moet ook in hierdie sewende jaar rus. Die Here waak dus Self oor die uitputting van die grond. Die wette wat die Here ook vir die armes gegee het soos in die geval van Rut en die oes van Boas. Armes moes nooit bedelaars word nie. Daarvoor moes die ekonomie sorg. Die hoeke van 'n graanland moes nie ook afgeoes word nie, so kon Rut agter die maaiers van Boas aanloop om koring op te tel. Die Here se goeie wette het in die praktyk gewerk.

Dit is asof die paradys nou wel verlore was, maar die Here laat tog iets van die heerlikheid daarvan in van die wette agterbly… Die Wet wat begin met evangelie – *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het,* …is ook ’n ekonomiese begin. Die Here belowe jy sal nie hoef te steel om te bly lewe nie. Die Here sal vir oorvloed sorg. Het Christus dit nie ook dikwels gewys nie. Hy maak wyn in oorvloed, dit met sy eerste wonderwerk alreeds. Dan word ’n skare in hulle duisende met ’n seuntjie se vyf broodjies en twee vissies kos gegee, ja weer die God van oorvloed aan die werk, want nadat almal goed geëet het, word daar mandjies vol opgetel. Die God wat die ekonomie bepaal is nie suinig nie. Bly by die agtste gebod en glo dat God voorsien dan kom daar wonderlike dinge juis vanuit die agtste gebod na vore.

Respekteer ook wat aan mekaar gegee is. Nabot se wingerd, Agab wat dit eiegeregtig deur Isebel sy vrou steel. Ja dit was gesteel in die Here se oë, al het hy wat Agab was daardie stukkie grond van Nabot glad nie nodig gehad nie. Diefstal op God se heilige grond word streng gestraf. Daar is nog heelwat voorbeelde. Gehasi wat nadat Elisa vir Naäman van sy melaatsheid genees het dit nie kon vat dat sy heer nie die klere en die geld van Naäman die Siriër wou aanneem nie. Gehasi bemagtig homself, die sonde van selfbemagtiging kan ook groot wees, deurdat hy dan deur ’n leuen geld en klere van Naäman aanneem. Gehasi is gestraf- Naäman se melaatsheid het nou op hom kom sit (2 Kon 5:27). Agan wat ook gesteel het, Jerigo se staaf goud vat Agan vir hom vat terwyl dit eintlik ’n skat vir die Here moes wees. Die Here laat met Hom nie spot nie. In die agtergrond moet u vir uself vanuit hierdie gebod dit eintlik heeltyd self opsê, dat ek mag nie steel nie, maar ek hoef as kind van die Here ook nie steel nie, want die Here sorg vir my en Hy weet wat is vir my genoeg.

***

Ons kan hier ook dink in wat die Here in Lukas 16 in ’n gelykenis oor geld en goed ons leer. Die gelykenis van die onregverdige bestuurder- dit is die opskrif. Dit is dalk nie so maklik om dit te verstaan nie, maar ons weet om met geld reg te werk is ook nie altyd so maklik nie. Die verhaal van die Here kom kortliks daarop neer dat ’n rentmeester het gehoor dat sy baas hom van vermorsing verdink. Hierdie rentmeester besluit toe dat nou moet ek my eie bas red veral as hy nou van die sake verslag moes gee. En dan doen hy

die ongewone ding. Hy begin rekeninge voor die voet kleiner te maak, want het hy vir homself dit voorgeneem, as ek die mense wat my baas baie skuld se skulde verklein dan kom ek in hulle goeie boekies. Wanneer my baas my dan afdank dan sal ek na hierdie ou skuldenaars kan gaan wat ek in werklikheid nou by hulle in krediet moet staan oor wat ek vir hulle gedoen het toe dit met hulle swaar gegaan het. Die Here vertel die verhaal met eintlik 'n besondere einde.

Die eintlike eienaar prys dan die rentmeester wat ons sou dink nie so eerlik was nie, tog word sy plan dan geprys, want ons lees- *En die heer het die onregverdigde bestuurder geprys, omdat hy verstandig gehandel het; want die kinders van hierdie wêreld is verstandiger teenoor hulle geslag as die kinders van die lig.* En dan sê Jesus die merkwaardige- *En Ek sê vir julle: Maak vir julle vriende deur die onregverdige Mammon, sodat wanneer julle die lewe verlaat, hulle jul in die ewige tente kan ontvang…*

***

In wat die Here ons hier voorgaan besef ons geld het nie net toekoms waarde nie, maar ook ewigheidswaarde. Die rentmeester wat eintlik so wild en wakker skulde begin afskryf staan verteenwoordigend van hoe dit in die opbou in die Here se kerk ook dikwels sal gaan. Kinders van die lig moet nie dom wees nie, julle moet ook geld kan gebruik maar gebruik dit reg. Dit wat Jesus dan duidelik maak dat geld moet Hom in sy koninkryk bedien. Geld moet daar wees vir die uitdra van die Here se Woord en die uitbreiding van die koninkryk waar baie mense diep in die skuld is. Bedoelende waar mense nog nooit van my gehoor het nie. Die geld wat jy dan op hulle gebruik, ja die rentmeester gebruik ekonomiese maatreëls, hy skryf skuld af, geld in die sin op sulke mense bestee moet jy nie as onregverdig of as vermorsing beskou nie. Die woord onregverdig is dus eintlik tussen aanhalingstekens. Mense sal sekere maniere van doen as vermorsing beskou, soos die vrou wat ook die baie kosbare houer salf wat baie geld werd was sommer oor Jesus uitgegiet het.

In die Here se oë en in die verklaring wat Jesus Self gee het sy dit ter wille van My gedoen. Vir my, terwille van my begrafnis, maar dit terwyl ek nog lewe nou beskou julle as mense dit as vermorsing en as onregverdig, maar word daar werklik so daarna deur

God gekyk. Deur die bril van God se koninkryk moet die sg. onregverdige Mammon ewigheidswaarde kry.

Die onregverdige Mammon kom so in diens in die Here se gelykenis dat mense daardeur in ewige tente ontvang kon word. Die gelowige het ook geld nodig maar hoe die gelowige geld gaan gebruik het baie definitiewe ingrypende implikasies. Implikasies wat selfs die grense van lewe en dood oorgaan, om in die ewige tente ontvang te word. In kort as geld nie meer deur jou vingers kan gaan nie, jy kan dit self nie meer te wille van Christus en sy ryk gebruik nie , jou lewe het reeds afgeloop, dan wys Jesus op so 'n besondere wyse hoe daar tog vir jou voorsiening gemaak is. Almal wat jy op aarde so gehelp het, jy het hulle eintlik reggehelp, hulle skulde kon minder word , deur jou het hulle met die Woord van God en die evangelie kon kennis maak, ja met jou geld het jy hulle help dien, nou staan hulle gereed om jou by God welkom te heet…*hulle jul in die ewige tente kan ontvang.*

Ons mag dalk weer sê dit lyk 'n moeilike gelykenis te wees en tog nie so moeilik nie. Maak die een groot verskil tussen jou en die onregverdige rentmeester. Met geld het hy hier op aarde vir hom vriende wou maak, dat hulle op aarde vir hom dan ook later goed moet wees. Maak jy ook vriende deur geld, maar met die verskil, dat dit mense sal wees wat nie langer deur jou inkomste vreemdelinge vir God se koninkryk sal wees nie, maar dit is vriende wat gemaak is met die oog op die grote toekoms wat daar alleen by God kan wees.

***

Dan het u reeds deel ontvang in die rykdom wat ons van Christus ontvang. Christus wat uit sy rykdom vir ons wat arm was sy lewe gegee het. Hy het Homself ten volle meegedeel. In 2 Kor.9:9 lees ons dat Christus dit eintlik oor ons uitgestrooi het. Christus het waarlik in oorvloed gegee aan die armes wat geestelik in die nood was. In oorvloed moet ons ook wil saai, die Here daag sy volk in Maleagi uit om Hom hierin te toets. Deel uit in oorvloed aan die medegelowiges, let wel medegelowiges. 2 Kor. 9:6- *Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai sal ook volop maai.*

Die Here gee u die eer om te mag uitdeel. Dit sien ons al baie vroeg ook in die lewe van Abraham.

***

Abram het sopas van ’n oorlog teruggekeer en Abram was die oorwinnaar. Abram wat alreeds ’n ryk man was het nou net nog ryker geword. Die oorlogsbuit sou hy in alles met hom kon saamneem maar daar kom ’n man op Abram se pad wat ons op baie wyses kan bewonder maar nie in alles kan verklaar nie. Sy naam is Melgisedek, wat priester-koning van Salem was. Salem die latere Jeru-salem. En die eerste wat Melgisedek vir Abram sê as hy Abram as oorwinnaar na die oorlog begroet – *Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde…En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het…* Die Here gee aan Abram die eer om te uitdeel. Hy gee aan Melgisedek ’n tiende van al die besittings wat hy van die konings kon terugneem in die oorlog wat hy teen hulle gewen het. Hiermee erken Abram eintlik soveel groot dinge. Hy erken die Here het my ryk gemaak. Abram wil ook hê dat almal met wie hy op sy pad te doen kry dit moet besef dit is nie ander mense wat my rykdom gee nie, maar dit kom alles van die Here af. Abram wil ook die res van sy lewe uit die seëninge van die Here lewe. Nooit het Abram ook meer op sy besittings wou vertrou as wat hy op die Here vertrou nie. Abram het selfs al was sy vee so baie dat die een landstreek waar hy en Lot saam was nie al die vee kon dra nie, het Abram nie self die beste weiding uitgekies nie, maar het Abram vir Lot eerste laat kies. Abram het geglo al sal my baie vee op swakker gronde as die van Lot moet wei, is dit God wat ons versorg en die Here sal selfs vir my op swakker grond ook goed kan sorg. Abram maak dit duidelik ek het die seëninge van die Here baie meer nodig as wat ek goeie grond nodig het.

Die vraag waarmee ons moet afsluit broeder en suster, is of u werklik u rykdom in die Here verwag. So moet dit wees. Ons doen dit met die erkenning dat alles aan die Here behoort. Wie dit besef so een is waarlik ryk, ja ryk in die Here, al het ek dalk nie so baie besittings nie. Dit is die verskil tussen mense wat dalk arm kan wees aan materiële dinge maar hulle is ryk in die Here, hulle wat ons kan noem die arm rykes, maar jy kry ook die rykes wat dalk ryk mag wees aan aardse dinge maar arm in die Here, ag hoe verskriklik is

dit om ’n ryk arme te wees. Hierdie verskil kan ons in die agste gebod ons deel maak om in die Here ryk te wees.

AMEN

Vrae uit Sondag 42

1. Wat is die groot erkenning in die agtste gebod?
2. Waar begin diefstal?
3. Wat is die wyer omvang van hierdie gebod?
4. Handel dit in hierdie gebod net oor die tipes diefstal wat deur die owerheid gestraf kan word? Motiveer.
5. Wat moet ons onder rentmeesterskap verstaan?
6. In watter opsig moes Adam en Eva rentmeesters in die tuin van Eden gewees het? (kyk p3)
7. Het Adam moes werk om te kon eet? (Vgl. 2 Thess.3:10)
8. Hoe is Adam in sy koningskap verdiep? (Kyk p4)
9. Waar het die sonde teen die agtste gebod al begin?
10. Kan amp en werk van mekaar geskei word? Wat gebeur as mense amp en werk vanmekaar skei? Watter implikasies het dit m.b.t. die verbond van die Here?
11. Op watter wyse het God die mens direk na die sondeval ook op materiële gebied geseën?
12. Watter besondere wette het die Here gegee wat ook besondere ekonomiese maatreëls bevat het. (laaste par p5)
13. Hoe kan ’n gelowige weet dat buiten die feit dat ek nie mag steel nie, dat dit ook nie nodig is om te steel nie?
14. Op watter wyse het Jesus in sy wonderwerke ook die wonder van die 8ste gebod bewys?
15. Noem nog enkele voorbeelde van diefstal vanuit die Ou Testament?
16. Is dit maklik om met geld reg te werk?
17. Watter belangrike beginsel wil die Here vir ons deur die gelykenis van die onregverdige bestuurder leer (Lees Luk 16- vgl. p6-7)
18. Met watter doel moet ons deur geld hier op aarde vir ons vriende maak?
19. Op watter treffende wyse het Abram die agtste gebod nagekom?

SONDAG 42


110. Wat verbied God in die agste gebod?
God verbied dié diefstal en roof wat die owerheid straf
Hy beskou ook as diefstal
Wat?
al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry
Watter skelmstreke en liste?
geweld
'n skyn van reg soos die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere, geld
woeker
enige middel wat God verbied
God verbied ook alle gierigheid
Hy verbied ook alle misbruik en verkwisting van sy gawes


111. Wat gebied God jou in hierdie gebod?
Ek moet die belange van my naaste waar ek kan en mag, bevorder
Ek moet my naaste so behandel soos ek wil hê dat mense my moet behandel
Ek moet my werk getrou doen
Hoekom?
sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help